# Lesing 101– 1 Julie 2022- Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Openbaring 125 en Woord ontvang deur Daniel Grobbelaar op 15/11/19 (vervolg)

Hoor wat die Gees aan julle sê, want die Toorn van JaHWeH is vol en die 7 Boodskappers se Toornbakke is vol gelaai deur die gevolge van julle lasterlike wettelose lewens. Niks op hierdie Aarde en in hierdie materie is ewigdurend nie en dit maak nie saak hoe kosbaar julle julle aardse skatte en rykdomme ag nie, alles sal vergaan! Die Gees en die Geestelike is Ewigdurend en Ewiglewend, daarom het JAHSHUA gespreek en gesê: "Vergader jul Skatte in MY Hemele en nie op die Aarde nie, want die roes en mot sal dit verteer." Bou julle huise op die sand van julle goddeloosheid en die stormwinde van SY Grimmigheid sal julle huise verpletter. En julle wat dink dat julle valse arke van verlossing vir die volk kan bou sal nie voorspoedig wees in julle werke van mammon nie. Julle moet nou kies wie julle wil dien, want die Barmhartigheid van JaHWeH is byna op. Tog het HY gekom ter verlossing van julle gevange siele vanuit die bande van die doderyk en het SY Bloed en Lewe vir julle uitgestort! HY LEEF VIR EWIG en HY sien alles! Die Gees van Waarheid het HY uitgestuur om te weeg en om te meet, om te onderrig en om lewe te gee, om te dien en om wys te maak, om te lei en te rig, en om van HOM te getuig en die nageslag van Jakob op te rig in SY Nuwe Jerusalem. 'n Nuwe Lewe het HY gebring, maar julle wil dit nie hê nie. Julle wil alles met die vleeslike oog waarneem en buiten dit bestaan daar niks of niemand vir julle nie. Hoe het julle nog nie verstaan nie en hoe begryp julle dit nie? Julle wat die LIEFDESWET van die Allerhoogste verag en in SY Aangesig spuug, dit sal HY ook doen met julle wat koue of louwarm harte van bedrog en ongeloof het. Alles en nog meer het JaHWeH van die Leërskare julle mee geskenk, maar die Geestelike Skatte en Bronne was vir julle aardse verstande nie "blink" genoeg nie. Ek is EEN met HOM en ONS is EEN! Daar is net EEN en ONS Wese is EEN! Buiten ONS is daar NIKS en HY het alles so verorden. Waarom sal julle, o dwase Boerevolk, gaan en die grense verskuif wat JaHWeH vir julle vasgestel het? Waarom sal julle verbonde sluit met ander nasies ter najaag van aardse rykdomme en eer?"

Hier het die Stem van VADER weergalm en ek sien toe in my geestesoog 'n groot Donderstorm aan die kom en die aarde en berge swyg en bewe voor HOM:

"Daarom sal EK julle ten gronde rig met MY Grimmigheid omdat julle steeds nie MY as Koning wil hê nie!"

"HY het gesê dat alle eer en dank aan HOM en HOM alleen geoffer moet word, maar julle het ander gode en meesters gedien en aanbid! Julle het uitgegaan en gaan vermeng met verskillende geestelike wesens en leerstellings en nou sit die Boerevolk met talryke verskillende gelowe, sienings, wanpersepsies en vlakke van geestelike groei. Party se weg na JAHSHUA is versteur en moet ongelukkig 'n lang roete deur die wildernis gaan om by die Ewige Bestemming uit te kom. Waarom twis julle so onder mekaar en die rugstekery, waar kom dit vandaan?"

VADER spreek vêrder:

"Dood is die bestemming vir hy of sy wat met omkopery en verraad omgaan teen MY en MY Eiendomsvolk! Ja, alles en elkeen van MY kinders lewe vir 'n rede en net so het EK ook toegelaat dat Judas leef en MY ook nog verraai. Dit is alles 'n Groot Beproewing en Toets, alles in MY Wil. Maar aan almal het EK hulle eie vrye wil geskenk om hulle eie keuses te maak oor wat hulle aan MY gaan doen met hulle kort lewe op hierdie Aarde: Gaan hulle MY liefhê en voed of gaan hulle MY in die sy deurboor en in MY Aangesig spoeg? Dit is alles julle eie keuses en die gevolge moet julle dra vir julle liefdelose bose agendas deur middel van woorde, denke en dade. Dag na dag gaan verby waar julle mekaar belieg, besteel en verraai, maar julle wil nie staak in hierdie besoedelde dade nie! Julle neem MY Wet nie in ag nie en gaan voort op julle bose liefdelose weg. Julle haat mekaar en breek mekaar af. Daarmee saam gebruik julle die Joodse media om julle eie broers en susters te verraai en in die mag van MY teenpool te laat val! Laat EK vir julle sê: Wee hulle wat in die Mag en Hande van JAHWEH val! Want EK sal alle boosheid en alle besoedeling verdryf en daar sal geen klip op klip lê nie. EK sal alle berge, klowe, skeure, heuwels en dale gelyk maak en niemand sal staande bly in hulle boosheid teen MY nie. EK SIEN ALLES en EK HOOR ALLES. MY Boerevolk, julle haat die nasie wat oor julle aangestel is en julle wil met alle geweld hulle uitmoor. Tesame met hierdie haat teen die vyand, haat julle ook julle broers en susters en verneuk hulle met ongeregtigheid! Hoe sal julle dan ooit as volk kan funksioneer ter ere van MY Naam? Kan julle nie insien dat hierdie nasie MY Strafgerig oor julle is nie? Julle wil almal die Boere-Republieke terug hê sodat julle kan leef in die land van melk en heuning, maar met watter harte wil julle dit terug hê? Is EK enigsins deel van julle strewe? Hoe kan dit wees terwyl julle nie eens mekaar kan help en voed nie? So spreek JaHWeH van die Leërskare: Boerevolk, julle sal nie hierdie landstreke terug ontvang alvorens MY Doel vervul is met die Suiwering en Loutering nie! Julle sal nie in vrede leef alvorens julle julle dwase ongeregtighede en leuens op stop sit nie. EK het julle tallose kere gewaarsku teen hierdie dinge, in die Skrif, deur MY Gees van Waarheid en deur MY moderne profete.